

2 DESEMBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 139
FOKUSGEDEELTE: PSALM 139:5**

Die Here omsluit my van alle kante sodat ek op die beproefde pad bly

Dawid is steeds onder die diepe indruk van die Here se verhewenheid. Trouens, sy hele lewe is aan die Here bekend. Die Here sien dwarsdeur hom. Tuis, op reis, en in sy gedagtes – die Here weet alles.

Dit gee vir Dawid geloofsekerheid. Dit bring hom tot 'n geloofsbelydenis in vers 5: Die Here omsluit Hom van alle kante. In Psalm 138 beleef hy hoedat die Here se regterhand hom red. Nou voel hy dit nog meer intens. Die Here neem hom in besit.

Vir 'n oomblik is dit vir Dawid 'n kwelling. Dié wete oorweldig hom en dit is te hoog vir sy begrip. In 'n poging om antwoorde te kry, hardloop Dawid figuurlik gesproke die hele wêreld deur. In sy soeke na 'n antwoord neem die Here hom terug na sy eie geboorte. Hy staan opnuut verstom oor die wonder van lewe wat net die Here gee. Nou is daar skielik weer perspektief op die toekoms. In verwondering oor God se gedagtes en die Here se onbegryplike versorging en instandhouding van alles, sluit Dawid hierdie psalm af met 'n gebed.

Wanneer ons beleef dat die Gees ons veilig hou, pleit ons ook vir die uitdelging van die goddelose en moet ons ook 'n weersin ontwikkel in mense wat teen die Here in opstand is. Sodanige optrede benadeel die eer van die Here en tas sy verhewenheid bo alles aan.

Christus het met sy kruisdood verseker dat ons vir altyd van alle kante deur die Here omsluit word. Kom staan voor die aangesig van die Here en dank Hom, wat ons omsluit, sodat ons op die beproefde pad sal bly!

Sing: Psalm 116:1,10 (Totius)

Ds Petrus van Blerk (Vereeniging-Oos)